



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid en Reëls vir Erebenoeming

Verwysingsnommer	1P/1.3.1.8C
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Institusionele Registrateur
Beleideienaar	Bestuurder: Institusionele Korporatiewebestuur- en Sekretariaatdienste
Verantwoordelike afdeling	Institusionele Korporatiewebestuur- en Sekretariaatdienste
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur die	Raad
Datum van goedkeuring	15 Junie 2012
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2014
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres van die beleiddatabasis	RMA SHARE /AMANDA VAN DER MERWE (10935746)/RMA/2. Management/2.1.3 Policy development and review/2.1.3.2 Review/Policy documents/1P-1.3.1.8C-honorary naming_a
Prosedures ingevolge hierdie beleid	1Pr/1.3.1.8C (as aanhangsel tot die beleid)



Beleid en Reëls vir Erebenoeming

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid en reëls vir erebenoeming op 15 Junie 2012 goedgekeur.

2 Doelstellings

Hierdie beleid stel kriteria en standaardprosedures vir die oorweging van erebenoemingsgeleenthede by die Noordwes-Universiteit wat die Universiteit se waardes weerspieël en die potensiaal het om die NWU se openbare beeld te beïnvloed.

Faktore wat dit wenslik maak om 'n beleid oor erebenoeming te hê sluit in:

- Die behoefte om voorsiening vir 'n protokol te maak vir die daarstelling van permanente erkenning aan diegene wat die Universiteit goeddink.
- Die behoefte om konsekwentheid te bevorder in die huldeblyke wat deur die Universiteit betoon word.
- Die behoefte om die toepaslike benutting van die beperkte aantal erebenoemingsgeleenthede by die NWU te verseker.
- Die behoefte om riglyne te verskaf aan diegene wat betrokke is by besprekings oor hierdie sake.

3 Omvang van toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op alle NWU-personeel en -studente en word deur die Eretoekenningskomitee as deel van die mandaat van die komitee toegepas.

4 Beleid

Dit is die beleid van die Noordwes-Universiteit om erkenning aan genomineerde individue en organisasies te verleen deur sekere Universiteitsbates tot hul eer te vernoem. Die Universiteit sal dit met matigheid en versigtigheid doen om unieke bydraes te eer en 'n duidelike verbintenis erken van dié vereerdes met die waardes en die geskiedenis wat die Universiteit kosbaar ag. Verlening van sodanige eer in die geval van lewende individue of waar 'n finansiële weldaad betrokke is, sal veral versigtig benader word. Hierdie erebenoeming sluit die oprigting van die standbeelde op universiteitseiendom in. Hierdie erebenoeming sal gedoen word volgens die reëls soos hierin uiteengesit en in ooreenstemming met die prosedures hierin voorgeskryf.

Die basiese uitgangspunt is dat die Universiteit 'n nommeringstelsel vir geboue volg, wat voldoende en funksioneel is vir identifikasiedoeleindes, en dat die enigste regverdiging en die behoefte vir die vernoeming van 'n buitengewone en dwingende aard moet wees om 'n individu of organisasie te eer.

5 Reëls

- 5.1 Naamgewing is 'n eer wat 'n hegte band tussen die vereerde en die Universiteit smee. As sodanig is dit van kritieke belang dat die integriteit, geskiedenis, gedrag en reputasie van die vernoemde vereerde in ooreenstemming met die missie, visie en waardes van die Universiteit is. Die erebenoeming moet die handelsmerk van die NWU verder bemark, betrekking hê op die NWU en die doel van onderwys uitlig.
- 5.2 'n Erebenoeming moet die eenheid bevorder; dienooreenkomstig moet die Universiteit toesien dat die benaming die waardes, kultuur en prestige van die Universiteit bewaar.
- 5.3 Benamings as deel van die borgskapoooreenkomste sal in ooreenstemming met die Universiteit se reputasie en kernwaardes en die hoogste standarde van sake- en finansiële integriteit wees. Die

proses van kommersiële benaming van die entiteite sal gewoonlik deur die Raad na die Visekanselier gedelegeer word.

5.4 Die Universiteit sal 'n konsekwente, gekoördineerde en deursigtige benadering tot benaming handhaaf wat die Universiteit se raadplegende en gesamentlike besluitneming weerspieël, behoorlike beoordeling en goedkeuring van al die benamingsvoorstelle verseker, en vertroulikheid in ooreenstemming met toepaslike wetgewing bewaar.

5.5 Entiteite wat vir erebenoeming oorweeg kan word, sluit in:

5.5.1 Fisiese entiteite (om die oprigting van standbeelde in te sluit)

- Hele geboue
- Blok geboue
- Lesingsale
- Seminaarkamers
- Laboratoriums
- Biblioteke
- Raadsale
- Ontvangareas, voorhowe, foyers
- Sportvelde

5.5.2 Eksterne entiteite

- Binnehowe
- Grasperke
- Tuine
- Loopweë
- Paaie
- Pawiljoene
- Hekke en ingange
- Banke, gedenkplate, standbeelde wat opgerig word

5.6 Die benoeming en herbenoeming van entiteite sal gebaseer word op filantropie (geskenke, skenkings, borgskappe en donasies), verering (individue wat hoogstaande en betekenisvolle bydrae tot die Universiteit as 'n geheel, die gemeenskap, die Suid-Afrikaanse samelewing of die internasionale gemeenskap gelewer het), funksionaliteit (aktiwiteit en doel), geografie en kreatiewe naamgewing (bv. in die geval van koshuise).

5.7 Met inagnome van bogenoemde sal entiteite nie na individue wat tans die NWU dien, of politici wat tans in diens is, vernoem word nie. Slegs in uitsonderlike gevalle kan 'n entiteit na 'n lewende individu vernoem word.

5.8 Herbenoeming sal oorweeg word wanneer die nomineerder 'n gegronde rede kan gee waarom die entiteit hernoem moet word. 'n Gegronde rede sluit enige van die faktore genoem in paragraaf 5.1 en 5.2 hierbo in. Oorweging van herbenoeming sal gedoen word in samewerking met Fisiese Infrastruktuur en Beplanning wat na die koste en infrastruktuurimplikasies van so 'n herbenoeming sal kyk (insluitend borde en onderhoud van die gebou).

.....

Prosedures vir Erebenoeming ingevolge die Beleid en Reëls vir Erebenoeming (1Pr/1.3.1.8C)

1. Enige lid van die universiteitsgemeenskap (personeel, huidige studente, alumni, borge en donateurs voorgestel deur Belanghebbersverhoudinge en Fondswerwing en belanghebbestrukture soos deur die Statuut omskryf) kan 'n nominasie vir 'n erebenoeming indien na die kennisgewing vir nominasies deur die Institusionele Registrateur van die NWU. Enige nominasie vir erebenoeming/herbenoeming moet:
 - Aan die kriteria voldoen soos hierbo uiteengesit;
 - behoorlik gemotiveer word; en
 - as 'n geskrewe versoek in briefformaat by die Institusionele Registrateur ingedien word.
2. 'n Nominasie vir die vernoeming na 'n kampusbelanghebbende sal eers deur kampusbestuurskomitee oorweeg en goedgekeur word. 'n Nominasie vir die vernoeming na 'n belanghebbende van die Institusionele Kantoor sal deur die Institusionele Bestuurskomitee oorweeg word.
3. Alle nominasies (van kampusse, die Institusionele Kantoor en belanghebbestrukture ooreenkomstig die Statuut) vir die erebenoeming en herbenoeming sal na die Eretoekenningskomitee aangestuur word vir oorweging en om aanbevelings aan die Raad te maak.
4. Die Institusionele Registrateur sal die proses bestuur en verseker dat die Eretoekenningskomitee toepaslike aanbevelings aan die Raad maak.
5. Die Raad sal oor die erebenoeming van die entiteite op aanbeveling van die Eretoekenningskomitee besluit.
6. Die Visekanselier sal die universiteitsgemeenskap van die besluit van die Raad rakende die erebenoeming in kennis stel.
7. Die korporatiewe identiteit en handelsmerk van die NWU moet in ag geneem word in die ontwerp en fisiese vertoning van die erebenoeming, en Fisiese Infrastruktuur en Beplanning sal in kennis gestel word van die erebenoeming om reëlins vir die borde, ens. te tref.

Oorspronklike besonderhede: Amanda van der Merwe(10935746) RMA SHARE \2.1.3.1-policy documents-1P/1.3.1.8C_a
17 Julie 2012

Lêerverwysing: 1P/1.3.1.8C_a